LESER VERTEL
In Tanzanië klim die leeus nou al selfs boom
BL. 4

BLESHOENDERS
Botriviervlei lewer talle verrassings vir voëlkykers op
BL. 6

Buite

Dinsdag 9 Oktober 2012 | Redakteur: Eben Human **| E-pos:** buite@media24.com **| ☎ 021 406 2130**

3

Kruie aan met jou eie pas of pomp adrenalien

De Hoop

Foto: JACQUES MARAIS

e k s k l u s i e f

- Watertaxi & pendeldiens ingesluit by kaartjieprys.
- Grootste breë-enkelski-binnehuiskompetisie in Afrika
- Werkswinkels & Lesings
- Gratis toegang na SAS Somerset by die V&A
- Leerders & Kinders ***gratis*** indien vergesel van 'n volwassene.

Prys: R80,00 p.p.

KIKS & V&A
12 – 14 OKT. 2012
Vr. & Sa. 10:00 – 18:00
So. 10:00 – 17:00

In die De Hoop-natuurreservaat kan jy kies tussen twee staproetes – een van 8 km en een van 3,5 km – wat teen die vlei langs loop. Foto's: JACQUES MARAIS

Adrenalien

JACQUES MARAIS

Hope dinge te doen in De Hoop se reservaat

As daar een plek aan die suidelike punt van moeder Afrika is waar die Groot Stilte jou gaan bekruip, is dit die De Hoop-natuurreservaat.

Dié Wêrelderfenisgebied, ongeveer 50 km oos van Bredasdorp, is net die plek vir 'n buitelugnaweek ver weg van die stad se malle gejaag.

Maak dit 'n langnaweek as julle kan, want (a) die gatswaai-grondpaaie hier deur die Suid-Kaap beteken jy gaan goed vier uur lank in jou motor sit, en (b) die geraas in 'n mens se kop raak gewoonlik eers hier teen die tweede dag stil.

Indien jy dink dit is nie so luidrugtig daar bo in jou brein nie, gaan raak 'n bietjie rustig op een van De Hoop se heidevlaktes.

Jy sal sommer gou agterkom wat oopkop beteken, maar een ding is seker – dié is nie een van daardie reservate wat jy van binne die kajuit van jou voertuig wil ervaar nie.

Dit is ook hoekom jy jou stapskoene, bergfiets en verkyker moet inpak. Die goeie nuus is dat De Hoop moontlikhede vir die hele gesin bied – van die kinders wat nie einde het nie tot Ouma wat nie lus het om te ver van die motor af te stap nie.

Hier is drie doendinge wat julle nie mag mis nie!

Gaan mak

Ry tot by Koppie Alleen – in die walvisseisoen wag daar sekerlik 'n dosyn of meer van dié reuse-soogdiere van die see op jou.

Grafika24

Indien jy mooi rondom jou kyk, sal jy dalk 'n otter of twee gewaar.

'n Pelikaan in vlug.

Die hoë duine bied 'n puik uitsig oor die baai waar hulle soos treintrokke in die branders rol.

En ek belowe hand en mond dit is nie meer as 250 m se stap tot by die eerste uitkykpunt nie.

Gaan middelmatig

Trek jou stewels (of draf-skoene) aan en stap van die yslike melkhoutboom net buite Ontvangs af vlei se kant toe.

Twee staproetes teen die rotsagtige rantjies bokant die strandmeer beteken jy kan kies tussen anderhalf uur se stap (3,5 km) en 'n sirkelroete van sowat 8 km tot amper by Die Mond.

Pelikane, flaminke, lepelaars en natuurlik otters . . . Wat meer kan 'n mens nou vra?

Gaan mal

Klim in die saal en trap fiets, al langs die grondpaaie en tweespoorroetes wat die reservaat deurkruis.

Daar is genoeg roetes om jou die hele dag lank besig te hou, en die sand sal seker maak jou bene weet jy het gewerk wanneer jy later die aand rondom die braaivleisvuur sit en na die naguiltjies se gewoerwoer luister.

Verblyf in De Hoop sluit alles in – van kampering en selfsorghutte tot luukse lodges. Daar is dus geen verskoning om nie suidwaarts te mik in jou volgende beskikbare naweek nie.

Gaan loer gerus by www.dehoopcollection of www.capenature.co.za vir meer inligting.

■ **Jacques Marais is heeltyd op soek na nuwe avonture en buitelugbestemmings. Bel hom by ☎ 083 444 5369, kry hom op Twitter by @jacqmaraisphoto of besoek www.jacquesmarais.co.za.**

Dagboek

Stapklubs word alfabeties aangegee. Telefoonnommers is in Kaapstad (021), tensy anders vermeld.

- **Bellville:** Silwermyn oor Chapmanspiek na Noordhoekstrand – 13 Okt. Gr. 2. Bel Marius by ☎ 084 255 7464.
- **Bergklub van SA (Paarl-Wellington):** Hangklip – 14 Okt. Gr. 2B. Bel Johan de Koker by ☎ 083 285 7337.
- **Bergklub van SA (Tygerberg):** Stellenboschberg – 13 Okt. Gr. A2. Bel Johan Benkenstein by ☎ 913 8187 (h) of ☎ 084 619 3654.
- **Bergklub van SA (Worcester):** Werknaweek – 14 tot 15 Okt. Bel Tonie Roux by ☎ 023 342 4292 vir nader besonderhede.
- **Cumhike:** Paternoster, Weskus – 12 tot 14 Okt. Gr. 2A. Bel Ella du Plessis by ☎ 022 492 3225 of ☎ 073 469 1149.
- **Cumhike:** Constantia na Noordhoek via Twee Pieke – 14 Okt. Gr. 4C. Bel Graham Bellairs by ☎ 689 9145 of ☎ 082 379 2121.
- **Cumhike:** Oude Skip, Houtbaai – 14 Okt. Gr. 2B. Bel David Viljoen by ☎ 072 854 0730 vir meer inligting.
- **Meridian:** Not Woody / Postern Buttress – 13 Okt. Bespreek by Ken Greaves by hadeda7@telkomsa.net of op die dag by ☎ 082 337 0277.
- **Meridian:** Bobbejaansrivier, Bainskloof – 13 Okt. Bespreek by Louis Conradie by louis@patat.co.za of ☎ 073 195 9077.
- **Meridian:** Agter Tafel-avontuur – 14 Okt. Bespreek by Dave by dreymacede@telkomsa.net of op die dag by ☎ 082 569 1111.
- **Peninsula Ramblers:** Tokaibos – 13 Okt. Matig. Bel Derrick Robinson by ☎ 712 3566.
- **Peninsula Ramblers:** Sutherpiek – 14 Okt. Moeilik. Bel Ian Pearce by ☎ 685 6888 of ☎ 084 624 4691.
- **Sanlam:** Hermanusnaweek – 12 tot 14 Okt. Bel Amanda Matthee by ☎ 979 5050 of ☎ 082 570 3895. Bespreek so gou moontlik.
- **Stellenbosch-voetslaanpad:** Die Plaat, Die Kelders, Hermanus – 13 Okt. Gr. 2A. Bel Linda du Toit by ☎ 887 1548 (h) of ☎ 072 107 0213, of besoek www.stb-voetslaan.co.za.
- **Tirmanmak:** Spes Bona na Amfiteater – 14 Okt. Matig. Bel Leslie by ☎ 788 7486.
- **Voetslaan 55:** Jonkershoek Panorama en tweede waterval – 10 Okt. Gr. 3B. Bel Freek Kriel by ☎ 982 1681 of ☎ 082 962 7662. Vir 'n gr. 1A-stap, bel Alet de Villiers by ☎ 082 785 8641.
- **Vriende van Leeukop:** The Glen – 13 Okt. Matig. Die stapleier is Sidney Schlomowitz. Kry mekaar bo by die hoek van Normandie- en Bartholomewlaan.

WEN WEN WEN

'n Leser kan Hi-Tec V-lite Altitude Ultra Wpi-stapskoene wen. "Watter tegnologie is 'n aanduiding van die vervaardigingstegniek wat die skoene so lig maak?" SMS jou antwoord (R2 per SMS) na 34588. Inskrywings sluit op 31 Oktober. Die Augustus-wenner van hierdie kompetisie is Lourens Bruwer van Goodwood.

Stap saam

- **Afspraak in Frankryk:** 22 tot 28 Oktober. Dit is 'n voortreflike samekoms vir stappende siele en bied interaksie met ander stappers en die natuur. Bel Annelize le Roux by ☎ 021 876 3095 of ☎ 083 261 1300 vir meer inligting oor hierdie stapavontuur in Frankryk.

■ **Stuur stapinligting per e-pos aan Lena Haggard by mhhaggard@telkomsa.net, of bel Lena by ☎ 863 4356 of ☎ 082 398 3817.**
■ **Stuur ander bydraes vir Dagboek na buite@media24.com.**

OUTSURANCE
WAAR JY ALTYD IETS UITKRY
08 600 60 000
www.outsurance.co.za
OUTsurance is 'n gemagtigde finansiële dienste verskaffer

Buite
Om te adverteer skakel
021 910 6539
eackhurst@dieburger.com